

### **JH 14-16 : DIE HERE JESUS SE BOVERTREK-BELOFTES**

*Deel 1 : Die Helper*

*Nico van der Walt*

VAN die mees basiese openbaring oor die Heilige Gees word in Jh 14-16 aangetref (Jh 14:16-17; 14:25-26; 15:26-27; 16:7-14). Wie die hoekpenne verwaarloos wat hier ingeslaan word, loop spoedig skeef in sy beskouing oor die Gees en Sy werk.

Dis die aand voor die Here Jesus se kruisiging. Hy is alleen saam met Sy dissipels. Hulle weet dramatiese gebeure is op hande. Jh 12-13 is vol aanduidings dat ingrypende veranderinge op hulle wag. Hulle is daarom diep bekommerd oor die toekoms. Wat gaan van hulle word as Hy nie meer by hulle is nie? Hoe gaan hulle regkom? Hoe gaan hulle hul roeping uitvoer? En hoe gaan hulle alles onthou wat die Here vir hulle geleer het?

Die bovertrek staan gevolglik in die teken van bemoediging en vertroosting. Kyk hoe troosryk begin Jh 14: "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My." Dan verseker Jesus die dissipels dat Hy sal terugkom om hulle te kom haal, en dat Hy tydens Sy afwesigheid vir hulle plek sal gereed maak by die Vader.

Maar wat van die periode tussenin? Beloftes alleen sal hulle nie deurdra nie! Dis hierdie benoudheid van die dissipels wat aangespreek word in die lering wat volg. En in 'n neutedop is die trooswoord: "*Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees ...*" (Jh 14:16).

#### **DIE GEES IS ONS HELPER**

☐ Vier maal verwys die Here na die

Heilige Gees as "die Voorspraak" (Jh 14:16; 26; 15:26; 16:7). Die betrokke Griekse woord (OAV: "Trooster") is die moeilik vertaalbare *parakletos*.

- Etimologies dui die woord op iemand wat jy roep om langsaan jou te kom staan. Dis verwant aan die werkwoord "om te bemoedig". Die basiese idee is dus die van iemand wat langs jou kom staan met die oog op bemoediging en hulpverlening.

In buite-Bybelse Grieks het die woord dikwels 'n regs-konnotasie. Dan dui dit op 'n verdediger in 'n hofsak – 'n advokaat, iemand wat jou help. Vandaar sekere Engelse vertalings: *Counsellor* (NIV, RSV) en *Advocate* (NEB) – en natuurlik ons NAV se *Voorspraak*.

In die Nuwe Testament word die begrip 5 maal gebruik: 4 maal hier in die bovertrek, asook in 1Jh 2:1 – waar dit van Christus as hemelse Hoëpriester gebruik word. Hiër het dit waarskynlik 'n regs-betekenis, aangesien die Here vir ons pleit op grond van Sy versoeningswerk waarin Hy aan God se geregtigheidseise voldoen het. Maar in Jh 14-16 is die juridiese afwesig. Die Parakletos word geskets as die dissipels se leermeester (14:26), hulle metgesel (14:16; 16:7) en die een wat hulle bystaan om van en vir die Here te getuig (15:26).

Uiteindelik moet mens volstaan met die algemene idee van 'n *simpatieke en bekwame helper vir diegene wat hulp nodig het – wat dit ook al mag wees*.

Verskeie Engelse vertalings gebruik dan ook die woord *Helper* (NASB, NKJV, GNB, Moffat, Phillips) – wat dalk ook in

Afrikaans die beste sou wees.

- Deur hierdie begrip te gebruik, wil die Here Jesus dus Sy dissipels bemoedig. Hy druk hulle op die hart dat hulle nie op hulle eie sal wees na Sy vertrek nie. *Die Heilige Gees gaan hulle kom bystaan en toerus in elke taak en uitdaging wat op hulle wag.*

## GOD SE GROOT GAWE

□ In die verse wat die beloftes oor die Gees voorafgaan, gee Jesus as 't ware die fakkel oor aan Sy dissipels. Aangesien Hy na Sy Vader toe gaan, sal hulle vorentoe die werke moet doen wat Hy tot op daardie stadium gedoen het (Jh 14:12).<sup>1</sup> Maar Hy laat hulle nie aan hulle lot oor nie. Deur gebed sal hulle steeds met Hom gemeenskap hê. En Hy belowe om hulle gebede te verhoor – mits dit in Sy Naam gebid word, dus volgens Sy wil en in diens van Sy Koninkryk (14:13-14).

Hierdie taak wat die Here hulle oplê, mag hulle nie geringskat nie. Daarom, as hulle Hom lief het, moet hulle Hom steeds gehoorsaam (v.15).

Maar selfs dit is vir hulle te moeilik. Hoe op aarde sal hulle in hul swakheid Hom konsekwent en volhardend kan gehoorsaam? En hier is nou die onmiddellike aanleiding tot die wonderlike belofte van die Heilige Gees. *Vir hierdie bedeling sal Hy God se heel grootste gawe aan die gemeente wees. Hy sal hulle in hulle swakheid kom toerus om waardige fakkeldraers te wees*

– waardige medewerkers van Christus, getroue getuies van waarheid, vlymskerp sekels vir die afhaal van die oes, skynende ligte in 'n wêreld van duisternis!<sup>2</sup>

□ In Jh 14:16 maak Jesus 'n belangrike stelling: Hy sal die Vader vra om vir hulle 'n *ander* Parakletos te stuur.

Grieks het twee woorde wat met *ander* vertaal word. Die eerste (Gr. *heteros*) dui op iets anders, van 'n ander aard; die tweede (Gr. *allos*) op iets anders, maar van dieselfde aard.

Hier in die bovertrek gebruik die Here Jesus die woordjie *allos* as Hy van die komende Heilige Gees praat. Daar sal dus geen wesensverskil tussen Hom as Helper en die Heilige Gees as Helper wees nie. Hulle is van dieselfde soort.

Dit beteken dat die Heilige Gees sou kom as 'n wonderlike en volmaakte plaasvervanger vir Jesus. *Hy sou vir die dissipels word wat die Here vir hulle was.* Trouens, sê Jesus: "Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur" (Jh 16:7).

- Natuurlik is die funksies van die Here Jesus en die Heilige Gees nie in alle opsigte dieselfde nie. Die Seun se werk het unieke elemente – besonderlik Sy vleeswording en Sy middelaarskap. Ook het die Gees se werk 'n eiesoortigheid.

---

2. Jh 20:21-23 is betekenisvol. Daar is 'n onverbreekbare kontinuïteit tussen Jesus se sending, en die van die dissipels. En Hy rus hulle toe met die krag van die Gees vir hulle grootse taak.

Waar Jesus se bediening beperk was tot een plek en een groep mense, bewoon en bedien die Heilige Gees gelyktydig dermiljoene mense regoor die aarde.

Tog stem die Seun en die Gees se werk baie ooreen. Beide is leraars vir die dissipels (Jh 7:14; 13:13; 16:13). Beide is waarheidsgetuies voor 'n ongelowige wêreld (Jh 8:14; 15:26). Beide oortuig die wêreld van sonde (Jh 15:24; 16:8-11). En terwyl dit die Heilige Gees is wat in die dissipels kom bly, kom Hy juis om die teenwoordigheid en gemeenskap van die Vader en die Seun te bemiddel (14:23) – sodat Jesus kan sê: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Mt 28:20).

□ Waarom sê die Here dat die Gees 'n beter bedeling vir die dissipels sou bring as wat hulle saam met Hom geniet het (16:7)? Dit lê veral in twee waarhede:

- *Die Heilige Gees verwerklik die volheid van ons erfenis in Christus vir hierdie lewe.* Mens hoef net die dissipels se lewens voor en na Pinkster te vergelyk om te besef watter ingrypende verskil Hy kom maak het. Nou was daar lig en begrip; hulle het die geheimnisse van die Koninkryk verstaan. Nou was daar vuur en ywer; hulle het onwrikbaar gewet wie Christus is en wie hulle in Hom is. Nou was daar krag; strome van lewende water het uit hulle gevloei. Nou was daar 'n nuwe toewyding, gehoorsaamheid en volharding; God se wette is op die tafels van hulle harte geografer.

- *Die Heilige Gees het nuwe*

*dimensies van gemeenskap met die Drie-enige God gebring.* Anders as voor Pinkster geld hierdie gemeenskap nou *onafgebroke* vir alle dissipels enige plek ter wêreld. Daarbenewens het hierdie gemeenskap met die Here *verinnig*. Meer as ooit tevore kom ware gelowiges se liefdestoewyding nou uit hulle harte.

□ Die gemeente van die Here het dus twee Paraklete, twee Helpers – Jesus Christus in die hemel by die Vader, en die Heilige Gees in die gelowige hier op aarde. Hoewel daar 'n groot verskil is tussen hulle onderskeie aktiwiteite, is beide se werk noodsaaklik vir die voortgang van die Koninkryk en die vervolmaking van ons redding. Geseënd is die persoon wie se saak deur twee sulke Advokate behartig word!

- Dis wesentlik belangrik om God nooit op te hou dank vir hierdie twee Paraklete nie – en om steeds bewustelik en begripvol vanuit beide se bediening te leef. Vir redding en godsvrug is die een se werk so onontbeerlik soos die ander s'n.

- Die Heilige Gees het gekom om Christus in die middelpunt te plaas. Dit is Hy wat ons weer en weer teruglei na die eerste een toe. As Christus genoem word *Immanuel, God met ons*, kan ons van die Heilige Gees praat as *Parakletos, Christus met ons*.

## DIE GEES BEMIDDEL GOD SE TEENWOORDIGHEID

□ Een van die merkwaardigste

openbaringe in die Skrif is die inwoning van die Drie-enige God in gelowiges. In die bovertrek kry dit besondere aandag (Jh 14:15-24). Trouens, dit werp belangrike lig daarop: *dis deur die Heilige Gees wat hierdie inwoning geskied.*

Jh 14:16-17 sê dat die *Gees* sal kom om by en in die dissipels te wees.

Jh 14:18 sê dat die *Here Jesus* weer na Sy dissipels sal terugkeer. Weliswaar kan hierdie belofte dui op Sy opstanding, of op Sy wederkoms. Maar waarskynlik praat Hy van Sy terugkeer deur die Heilige Gees. Die hele gedeelte het immers betrekking op hierdie bedeling. Dit word ook deur v.23 bevestig.

Jh 14:23 belowe dat die *Vader en die Seun* by die dissipels sal kom woon.

□ Dis belangrik dat ons hierdie fundamentele Skrifopenbaring en belewingsrealiteit reg verstaan. As ons van die Drie-enige God se inwoning praat, moet ons nie ruimtelik dink nie, maar *relasioneel*. Per slot van rekening is Christus in die hemel by die Vader. En Sy wederkoms is nog toekomstig. As die Skrif dus sê dat die Vader en die Seun by ons inwoon, word bedoel dat dit deur die Heilige Gees geskied – en spesifiek dat dit oor die *verhouding* met die Vader en die Seun gaan.

□ Reeds in die Ou Testament is God se inwoning by Sy kinders – oftewel Sy verhouding met hulle – 'n belangrike tema. Maar dit staan grootliks in die teken van voorlopigheid en die hoop op 'n veel heerliker volheid in die toekoms.

Sagaria profeteer: "Juig, Sion, wees

bly! Ek kom, Ek gaan binne-in jou woon, sê die Here" (2:10).

□ Die verbysterende waarheid van God se inwoning en gemeenskap word talle kere in die Nuwe Testament onderstreep.

- Die Here Jesus beloof onder meer: "... waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle" (Mt 18:20). En: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Mt 28:20).

- Paulus skryf aan die Korintiërs: "Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: 'Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees'" (2Kor 6:16).

Vergelyk ook 1Kor 6:19; 2Kor 13:5; Kol 1:27; Hb 3:6; 1Jh 4:12.

- Dat God se inwoning in die gemeente *deur die Heilige Gees* geskied, word meermale beklemtoon. Vir die Efesiërs bid die apostel dat die Heilige Gees hulle innerlik sal versterk sodat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon (3:16-17). Vergelyk ook Rm 8:9-11; 1Kor 3:16; Ef 2:22.

- Let ook op dat bg. Skrifgedeeltes dit duidelik maak – net soos Jh 14:15-24 – dat hierdie inwoning nie net in die gemeente korporatief geskied nie, maar ook van die *individuele* gelowige waar is (vgl. 1Kor 3:16 en 6:19). Dis waarom die Here, as Hy buite die gemeente van Laodisea staan, 'n beroep op individue kan doen om die deur van gemeenskap vir Hom oop te maak (Op 3:20).

□ Hierdie gemeenskap met die Drie-enige God deur die inwerking van die Heilige Gees is die hart van die ewige lewe en van ons erfenis in Christus. In Sy Hoëpriesterlike gebed stel die Here Jesus dit so: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur U gestuur is" (Jh 17:3). En om God te ken, is meer as bloot intellektuele begrip; dis ten diepste om met Hom gemeenskap te hê.

Dit is wat die Here in die laaste gedeelte van Jh 14:19 bedoel as Hy sê dat Sy dissipels sal lewe omdat Hy lewe. Hy sal uit die dood opstaan, na die hemel opvaar en die Heilige Gees op die gemeente uitstort. Gevolglik sal Sy dissipels gemeenskap met God geniet – wat die essensie van ware lewe is.

- Ons beleving van gemeenskap met God is *nou nog ten dele* – hoewel in beginsel reeds onwankelbaar vas. Vervolmaking daarvan sal geskied met die wederkoms van die Here Jesus Christus. Dán sal 'n stem uit die hemel roep: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroeg. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan" (Op 21:3-4).

- Maar inderdaad smaak ons *nou reeds* iets van die komende heerlijkheid. En dis die Heilige Gees wat dit moontlik maak. Geen wonder nie dat Hy genoem word God se *eerste gawe* (Gr. *aparge*;

Rm 8:23), asook die *waarborg* – die deposito en versekering van ons uiteindelijke volle erfenis in Christus (Gr. *arraboon*; 2Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14).

- Hoewel beleving van gemeenskap met God in hierdie lewe nog voorlopig en ten dele is, beteken dit nie ons kan maar selftevrede agteroor sit, sonder om na méér te soek nie. Inteendeel! Die Skrif leer dat God se inwoning 'n groeiende karakter het. En ons móét daaraan werk.

~ In Ef 3:14-21 bid Paulus vir die gemeente in Efese – dus vir gelowiges in wie die Here reeds woon. Tog bid hy dat die Gees hulle innerlik sal versterk sodat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon. Hoe bid hy dan vir iets wat reeds waar is?

In Grieks is daar meer as een woord wat inwoning beteken, onder meer *paroikeo* en *katoikeo*. Eersgenoemde woord is 'n swakker begrip: om soos 'n reisiger oor te bly. Maar die tweede woord is veel sterker: om te vestig en as 'n permanente inwoner te leef.

Die woord wat Paulus in sy gebed gebruik, is *katoikeo*. Daarmee impliseer hy dat daar graadverskille is wat Christus se inwoning betref. Sy bede is dus dat die Here al hoe meer in hulle harte sal vestig, dat hulle gemeenskap met Hom steeds inniger sal groei (vgl. Ef 2:19-22, veral die progressiewe karakter van v.21-22). Dis soos iemand wat 'n huis koop en intrek. Maar soos hy dit algaande inrig volgens sy smaak, raak hy al hoe meer tuis. Sy huis word sy woning, sy tuiste.

~ Insiggewende lig op hierdie saak vind ons in Op 3:20. Laodisea is op die punt om uitgespoeg te word as hulle hul nie bekeer nie. Tog word hulle steeds as "gemeente" aangespreek (v.14). Die Here Jesus praat dus nie met 'n klomp ongelowiges nie. Tog staan Hy buite. Vers 20 is dan 'n oproep om die deur van gemeenskap weer vir Hom oop te maak.

Dit gaan oor die verhouding tussen Christus en die gemeente. Die Here is nie meer die middelpunt van die Laodisense se lewens nie. Hy is nie meer in hulle harte nie – bedoelende dat hulle toewyding aan Hom nie meer uit hulle diepste wese kom nie. Hulle is lou, nie warm nie (v.15-16). Hulle gemeenskap met Hom het grootliks verbroekel. En dis wat reggestel moet word.

Hoe word die deur oopgemaak? Dit word in v.18-19 beskryf: besef die erns van die situasie en bekeer julle! Wat is die sonde waarvan Laodisea se Christene hulle moet bekeer? Hulle geestelike louheid, hulle ongeërgdheid oor gemeenskap met Christus! (v.15-16).

Maar let verder op: hulle louheid het 'n oorsaak (die OAV is korrek as dit v.17 met "want" begin). Niks bedroef die Gees gouer as selftevrede hoogmoed nie. Niks laat ons harte gevolglik vinniger afkoel nie. Waarom? Geestelike gearriveerdheid loop altyd hand aan hand met 'n hoë dunk van my eie godsdienstige meriete, en gaan dus altyd gepaard met 'n geringskating van die absolute noodsaak van Christus se middelaarswerk. En omdat die Seun se verheerliking die sentrale hartstog van die Gees is (Jh 16:14), sal Hy altyd ernstig aanstoot neem aan so 'n

aantasting van die Here Jesus se eer.

Kortom: dis sondaar wat die Heilige Gees bedroef (Ef 4:30) – in die besonder sonde wat die werk en plek van Jesus Christus relativer. Tot die mate wat dit gebeur, tot daardie mate taan die Gees se werk in ons. En tot daardie mate lei ons gemeenskap met die Here skade.

☐ Die Christelike geloof het tydlose, universele en onveranderlike waarheid as inhoud. Dit berus op die middelaarswerk van Jesus Christus buite my. Dit het dus 'n baie sterk leerstellige karakter. Maar so noodsaaklik soos die objektiewe aard van ons geloof ook al is, so fataal is dit om te vergeet dat dit gepaard móet gaan met 'n persoonlike liefdesverhouding met die Drie-enige God.

Terwyl ons dus kompromieeloos moet bly aandring op die suiwer leer, mag die belewingsdimensies van ons geloof nooit in die slag bly nie.

• Jh 14:17 is in hierdie verband betekenisvol. Die Here sê dat die Heilige Gees *by* die dissipels bly en *in* hulle sal wees. Hoe moet dit verstaan word?<sup>3</sup>

"By" suggereer teenwoordigheid en gemeenskaplikheid; terwyl "in" op 'n meer intieme inwoning dui. En dis belangrik om beide hierdie waarhede steeds te handhaaf.

Indien die eerste perspektief verwaarloos word, en jy net konsentreer op die Gees se teenwoordigheid *in* jou, gly jy maklik in mistisisme in. Die

---

3. Vir meer as een tegniese rede moet ons nie te veel maak van die teenwoordige en toekomstige tye in hierdie uitspraak nie. Lesers kan enige goeie kommentaar hieroor raadpleeg.

onderskeid tussen my en die Gees vervaag dan. Gou-gou word my eie begeertes en wil vertolk as aandrange van die Gees. Hierdie algemene mistasting lei noodwendig tot 'n duisend skeefftrekkings.

Indien die tweede perspektief verwaarloos word – naamlik God se inwoning deur Sy Gees – is die gevolg mettertyd 'n droë, rasionele Christenskap.

Nee, die Heilige Gees is *buite* my: daar is 'n wesensverskil tussen my en Hom. Maar Hy is ook *in* my: daarom word egte Christenskap intens beleef, en is dit nie net 'n stel idees of beginsels nie.

☐ Les bes mag ons Jh 14:15-24 se aandrange op gehoorsaamheid aan Christus nie miskyk nie (v.15, 21, 23-24). Uitlewing van Sy gebooië, enersyds, en gemeenskap met God, andersyds, is onlosmaaklik verbonde – dit loop hand aan hand. Waarom? Ten diepste omdat die Gees vir beide verantwoordelik is. En Hy gee nie die een sonder die ander nie.

*Wil jy dus groeiende gemeenskap met die Here beleef? Bid voortdurend om die volheid van die Gees en jaag dit na om Christus in alles te gehoorsaam. En die negatiewe is ewe belangrik. Waak teen sonde, dus teen ongehoorsaamheid aan Christus, aangesien dit die Heilige Gees bedroef – en gevolglik ons verhouding met die Here ernstig vertroebel.*



Die doel van **Antipas Herout** is om Bybelse lering in die vorm van kort, bevatlike studiestukke gratis beskikbaar te stel, ten einde begrip van en geloof in die Godgesentreerde beginsels van die Woord so wyd as moontlik te bevorder. Hierdie lewensbelangrike waarhede is kernagtig en uitnemend geformuleer in die groot belydenisskrifte wat ontspring het uit die sestiende-eeuse Reformasie en is

gebaseer op die fundamentele geloofsvertrekpunte: *die Skrif alleen, genade alleen, Christus alleen, geloof alleen, die eer van God alleen.*

As u op ons poslys wil wees om verdere uitgawes van die Herout gratis te ontvang soos hulle verskyn, stuur u naam en posadres aan ons verspreidings- en redaksionele adres

**Antipas Herout, Posbus 12371, Queenswood, 0121; Tel & Faks : (012) 329 3012**

Al ons lektuur, asook ander inligting, is beskikbaar op ons webwerf

<http://www.reformed.org.za>

#### **UITGEWERS**

##### **Antipas Lektuur**

Posbus 263435, Drie Riviere, 1935

Tel (016) 423 3639 of 423 3391; Faks (016) 454 0387

'n gesamentlike bediening van

**Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente** (in die Vaaldriehoek)

Posbus 263435, Drie Riviere, 1935; Tel (016) 423 3639; Faks (016) 454 0387

en

**Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente** (in Pretoria)

Posbus 12371, Queenswood, 0121; Tel & Faks (012) 329 3012

Nico van der Walt is 'n gemeentepastor en leraar in Pretoria. Hy onderskryf die histories-gerespekteerde en internasionaal-erkende 1689 Baptiste Belydenis - soos meeste reformatoriese (gereformeerde) Baptiste oor die wêreld.

□

Dit staan enigeen vry om die inhoud van hierdie Herout met of sonder erkenning te gebruik. Die skrywer het immers self baie hulp by andere gekry. Hy glo dis 'n suiwer uiteensetting van Skrifopenbaring, en sy hartstog is om die waarheidsewangelie so wyd moontlik te versprei, nie om dit te kniehalter nie.

□

Indien u waardering het vir die Herout, help ons asseblief om sy boodskap wyer uit te dra. Stel dit aan andere bekend, moedig hulle aan om in te teken, of stuur vir ons name en adresse van mense van wie u glo dat hulle die Herout sal waardeer. Ons stuur met graagte 'n eenmalige bekendstellingskopie aan diesulkes - waarop hulle dan kan reageer. Onthou net dat ons graag u naam as aanbeveler wil noem.